

# Sondag 21 Junie 2020

## Oggenddiens

### Ds. Callie Visagie

#### Inleiding

In die gedeelte wat ons gaan lees (1 Sam 17) tree **Samuel op in 'n belangrike rol as leier op wat die wil van die Here bekendmaak**. Die boek beskryf die oorgang van die tyd toe God leiers gebruik (Rigters) om die volk te lei en te red na die konings, eers Saul en toe Dawid se heerskappye.

Ons gaan in die volgende paar weke stilstaan by Dawid se lewe en in die besonder sy geloofsreis om daarmee saam ook **na ons eie geloofsreis te kyk**: die pad wat jy met die Here loop en die unieke verhouding wat jy met die Here het. Ons wil elkeen uitdaag om terug te kyk op jou eie geloofspad, jou unieke verhouding en geloofstyl met die Here opnuut te bedink en maniere te vind waarop jy aanpassings vir 'n sinvolle en betekenisvolle lewe kan maak.

In hierdie skrifgedeelte is Israel onder beleg en in **oorlog gewikkel met die Filistyne in Beth Shemesh/ Efes-Dammin omgewing**. Ons kry te doen met Dawid, die jongste van agt seuns, wat in 'n wilde en ongetemde omgewing sy pa se skape oppas. Hy leef in die buitelug en naby aan die natuur, grond en diere as skaapwagter wat die kudde teen allerhande ondiere moet beskerm – dit onder meer speel 'n belangrike rol in sy godsbegrip en sy verstaan van wie God is. Hy raak groot in die Joodse geloofstradisie. Op daardie stadium was hy al aan Saul bekend, want (so lees ons in die vorige hoofstuk) hy het vir Koning Saul vermaak met musiek op sy harp.

Ons weet ook dat hy later in sy lewe vele gedigte geskryf het wat onder meer in die Psalmboek opgeneem is. As ons dus in volgende weke na sy geloofstyl en spiritualiteit kyk, kry ons 'n prentjie van 'n veelsydige man wie se karakter en omgaan met God op besondere manier uitgebeeld word. Ons sien hier 'n jong man wat amper op naïewe en blindelinge manier glo dat God hom sal help en beskerm teen die vreesaanjaende reus, Goliat.

#### **Skriflesing: 1 Samuel 17: 1-6, 12-16, 19-21, 32-37(a), 45, 48-51**

**Dewitt Jones**, fotograaf van die *National Geographic* en sg. “keynote” spreker, vertel hoe hy sedert kindsbeen foto's in die National Geographic bewonder het. Elke keer wanneer hy na 'n moontlike foto kyk, neem hy die besluit om bewustelik te vier wat mooi en reg is in die wêreld in plaas daarvan om vas te haak by alles wat verkeerd is. Vier dit wat reg en goed is. Visie en perspektief bepaal ons persepsie en dit raak dan later die realiteit. Hoe meer hy uitgegaan het om self foto's te neem, hoe meer het hy dit raakgesien. Sien bv. die lig nie OP mense nie, maar IN mense. Die ongelooflike skoonheid in die natuur . . . die potensiaal en die wonder daarvan.

Dan sê hy onder meer baie mooi wat hy met sy fotografie ontdek het. Een van die belangrikste lesse wat hy geleer het, is dat daar is meer as een regte antwoord in die lewe is. Daar is 100de maniere hoe ons by antwoorde kan kom.

Die beste ervaring, of die mees gepaste lens. Toegepas op ons geestelike lewe. Wat is nou die beste manier om met God om te gaan? Daar is vele. Daar is nie net een manier of roete nie.

Jones vertel onder meer dat National Geographic hom gestuur het na Kalifornië in die VSA, na die dorpie Smith Rivier in noordelike deel van die staat.

- Plase in die omgewing kweek ongeveer 80% van die sg. paaslelies in daardie deel.

- Hy sê dit is die storie wat hy vir *National Geographic* deur die oog van sy kamera moes vertel.
- Hy neem foto's van 'n seuntjie wat lelies pluk en hou aan met neem en neem. Een regte antwoord.
- Toe gryp hy 'n ander lens en sak op die grond en neem die seuntjie uit 'n ander hoek af. 'n Volgende regte antwoord. Dieselfde toneel, maar van totale ander hoek.
- Sy gunsteling regte antwoord daardie dag was die een vanuit ander hoek – van bo af. Drie regte antwoorde.

Daar is so baie moontlike perspektiewe wanneer jy na die lewe kyk en ook spesifiek na jou geloofslewe – daar is soveel regte en korrekte antwoorde. God wat die Bybel aan ons bekend maak is kenbaar en aan ons kom openbaar in Jesus Christus, maar ook soveel ander perspektiewe en fasette van gelowiges se pad saam met en ervarings van Hom.

Ons moet daarteen waak om slegs een finale antwoord te soek. Hoe meer jy neem en kyk, hoe beter kan jy herdefinieer en ontdek. Dawid se lewe is 'n toonbeeld hiervan. In ons teksgedeelte kry ons 'n jong selfversekerde, ietwat naïewe Dawid, vol adrenalien, een wat geleer het om te oorleef, nie te skrik nie en dan 'n analogie trek tussen 'n leeu wat hy kan oorwin en - nadat hy van die swaar ongemaklike Joodse oorlogsdrag ontslae geraak het - Goliat aandurf met sy slingervel – 'n mens wil amper sê – bid jou aan. Is dit nie verregaande nie! Goliat se opmerkings is heel relevant en bykans geldig. Dit is voorwaar jeugdige opportunisme. Ons hoef nie Dawid se spiritualiteit in 'n bepaalde geloofstyl te manipuleer – om te bepaal watter geloofstyl hy nou juis in die tyd gehad het nie. Dit skuif en wissel. Omstandighede en sy eie persoonlike reis met status en 'n koninkryk wat uitgebrei het, asook persoonlike trauma met sy familie en kind het hom op ander baan in sy persoonlike lewe en ervaring met God geplaas. Elkeen van ons kan daarvan getuig . . .

### **Die tyd van die kerklike jaar waarin ons nou is na Paasfees tot voor Advent heet in die breë kerklike tradisies**

- **Ordinary time - Gewone tyd** Dit het te doen met Sondae wat val buitekant die groot kerklike feeste, Advent, Kersfees Lydenstyd en Pase en Pinkster.
- Die term *ordinary time* kan daarop dui dat die **grootste deel van ons geloofslewe nie FEESTYD is nie, maar GEWONE TYD** net soos die grootste deel van ons lewe tussen spesiale herdenkings en vierings plaasvind.
- Die oorgrote deel van die pad en reis met die Here is GEWOON. By Dawid was dit eet, opstaan, skape oppas, agter lammers aanloop wat afdwaal. Om 'n ooi te versorg wat 'n lam weggooi, ongediertes, broers wat oorlog toe gaan, kos aandra vir hulle ...
- **Gewone tyd** of *ordinary time* wil ons juis help om die oog te hou op die gewone – dat dit ook besonder is, dat die alledaagse ook heilig is. God is in die besonder ook daar.
- Die teologie van die gewone daag ons juis uit om die heilige, geestelike, buitengewone, die besondere van God se teenwoordigheid te sien
- Om jou moue op te rol, pannekoek te bak, werk vir die Here te doen, tee te skink, by die basaar vleis te braai, vir ander iets te doen, water te gee, geld te gee, kinders te versorg, bed op te maak, aartappels te skil, by iemand in die hospitaal of aftreeoord te gaan kuier, noem dit maar op: dit is net so heilig en besonder.
- Om te bid, Bybel te lees, saam nagmaal te vier en lofliedere te sing is nie meer belangrik as die alledaagse dinge nie
- Ons lewe meestal onbewus en ongevoelig ten opsigte van hierdie insig. Soms gebeur dit dalk – ook in 'n tyd soos ons nou beleef het, juis as gevolg van 'n ander kroondraer wat ons tot die insig gebring het – dat ons die heilige, buitengewone en sakramentele van die gewone oplet. En dan in die proses beweeg tot verwondering en hernude toewyding.

Interessant dat 'n deel van ons kerklike tradisie hierdie tyd ook noem - KONINKRYKSTYD

- Die Fees van Christus as koning is ingestel deur Pous Pius XI in 1925 en is gewoonlik gevier op die laaste Sondag van *Ordinary time*. Hy het groot invloed gehad – kan ons sê in die teologie en denke oor die begrip van Christus en
- Christus as koningskap oor ons lewe en daarmee saam die vestiging van die koninkryk van God. Christus beteken letterlik Die GESALFDE KONING.

Interessant dat ons in dié tyd praat van koningskap, want koningskap gaan gepaard met 'n KROON

Op die skerm sien jy 'n foto van 'n sonsverduistering.

- Die swart kol in die middel is die maan en lig van son wat op die maan skyn.
- Maak gloed.
- Son se lig skyn op die maan en dan word dit donker op aarde.
- Wit lig om die maan; wetenskaplikes het dit die korona, of kroon, begin noem.

**Korona beteken kroon. Die koronavirus.** Dit lyk kompleteet of die virus 'n **kroon** dra. Dit maak sommige mense bang. Maak ons bekommerd, die wêreld is op sy kop gekeer en dit veroorsaak groot moeilikheid.

**Dit is 'n vreemde soort teenstelling – wat ons in dié tyd KONINKRYKSTYD vier. 'n Ander Koning wat erken word en waarmee rekening gehou word.**

Daar word baie gepraat van die “nuwe normaal”! Is ons uitdaging nie juis daarin geleë nie dat ons in die kompleksiteit van die wêreld waarin ons tans leef, elkeen op sy eie unieke manier moet ontdek dat God met ons op reis is?

- In ons gewone “ordinary”/ gewone lewens
- Dat ons daarmee saam as koningskinders sy KROON wil dra.
- Dat ons eie unieke persoonlike reis met die Here, ons eie omstandighede, ervaringe, plesier en smarte ons op 'n besondere individuele pad met die Here plaas.

**Daarom wil ek jou uitnooi om die geloofsreis te onderneem en te ontdek hoe jy glo.**

- Die *faithpath* is die produk van Bybel-Media. Dit is geskoei op James Fowler (professor in teologie aan die Emory Universiteit) se fases van geloofsgroei.
- Besoek die webruimte by <https://faithpath.co.za/> en vul die meegaande vraelyste in.
- Om dieper te delf in hoe jy glo (jou styl van geloof) kan jy 'n **tweede vraelys** voltooi wat Bybel-Media gratis vir ons gemeente beskikbaar stel.
- Stuur 'n e-pos aan [karin@stellenberg.co.za](mailto:karin@stellenberg.co.za) om die skakel te bekom en met ons in kontak te bly rakende Stellenberg se aanlyn toerustingsgeleentheid rakende die onderwerp.

## **Gebed**

soos destyds is U ook vandag  
nie in die donker onweer nie, nie  
in die weerlig wat die hemel  
helblink skeur as teken  
van u krag; al luister  
ek hoe fyn vandag: selfs in die ligte  
ruising van die wind is U  
ten ene male nie, maar oral  
in my oë en ore: die ganse dag  
is ene God: 'n swaeltjie

swenk en vou die hemel  
blou-blou om sy rug 'n geelvink  
sketter vol van son, vandag  
weerklink U in my kind  
se skaterende skaterlag.

Jan Swanepoel